higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N6

(3050566)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

021Q1B2208

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord slegs DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

Bestudeer ILLUSTRASIE A aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Peter Paul Rubens, *Boar Hunt*, olie op skilderdoek, ca. 1615/17

[Bron: *http://www.artnews.com/2019/05/17/from-the-archives-peter-paul-rubenss-new-radiant-and-fresh-style-in-1936/*]

ILLUSTRASIE A

1.1 Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot komposisie volgens die formele aspekte van kuns:

1.1.1 Bespreek die gebruik van spasie en skep van diepte. (4)

1.1.2 Identifiseer die fokuspunt. Staaf jou antwoord. (3)

1.1.3 Hoe het die kunstenaar beweging geskep en hoe dra dit tot die komposisie by? (2)

1.2 Bespreek die kunstenaar se gebruik van kleur. (1)
[10]

VRAAG 2

Bestudeer ILLUSTRASIE B aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Emory; Publikasie: The Black Panther, sifdruk – ink op papier, 1969, grootte onbekend

[Bron: *https://www.illustrationhistory.org/illustrations/afro-american-solidarity-with-the-oppressed-people-of-the-world*]

ILLUSTRASIE B

2.1 Bespreek die kunswerk met betrekking tot die volgende:

2.1.1 Hoe het die kunstenaar/ontwerper ritme geskep? (2)

2.1.2 Bespreek die styl, medium en tegniek. Beskryf die proses van sifdrukkuns kortliks. (4)

2.1.3 Bespreek die gebruik en gehalte van lyn. (2)

2.2 Dink jy die plakkaat kommunikeer die boodskap suksesvol? Gee jou mening. (2)
[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Bestudeer ILLUSTRASIE C en ILLUSTRASIE D aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Paul Cézanne, *Still Life with Skull*, olie op skilderdoek, 1895–1900

[Bron: *https://mymodernmet.com/what-is-still-life-painting-definition/]*

ILLUSTRASIE C



Pieter Claesz, *Vanitas – Still Life*, olie op skilderdoek, 1625

[Bron: *https://mymodernmet.com/what-is-still-life-painting-definition/]*

ILLUSTRASIE D

3.1 'n Vanitas-skildery is 'n spesifieke styl stillewe wat aan die begin van die 17de eeu baie gewild in Nederland was. Die styl sluit dikwels wêreldse voorwerpe soos boeke en wyn in, en daar is heelwat skedels op die stillewe-tafel. Die doel is om kykers aan hul eie sterflikheid en die sinloosheid van die najaag van aardse dinge te herinner.

Ontleed en vergelyk die Vanitas-kunswerke deur Cézanne en Claesz (ILLUSTRASIE C en D) aan die hand van die volgende:

3.1.1	Bespreek die styl en verftegniek.	(2 × 2)	(4)
3.1.2	Bespreek die ekspressiewe kenmerke van elke werk.	(2 × 2)	(4)
3.1.3	Beskryf hoe elke kunstenaar diepte in die werk geskep het.		(2)

3.2 Watter van die twee kunswerke verkies jy? Gee redes. (2)
[12]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Bestudeer ILLUSTRASIE E aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.



KAWS, *Small Lie,* hout, 10 m hoog, 2013

[Bron: *https://trapandfamous.com/kaws-debut-uk-museum-show-yorkshire-sculpture-park-fykaws/]*

ILLUSTRASIE E

Hierdie stukke, wat tot 10 meter hoog is, is oordrewe reuse in die landskap, strokiesprentagtig en tog pragtig uitgebeeld.

4.1 Ontleed en bespreek die gebruik van spasie en grootte van die kunswerk deur die beeldhouer KAWS (ILLUSTRASIE E). (3)

4.2 Bespreek die medium, tegniek en tekstuur van die werk. (3)

4.3 Wat is na jou mening die konsep of betekenis van die kunswerk? (2)
[8]

VRAAG 5

Verduidelik of definieer die terminologie wat gebruik word om die kenmerke van impressionisme hier onder te beskryf. Gebruik voorbeelde van Monet se kunswerke waar tussen hakies aangetoon.

Enkele van die kenmerkende eienskappe van impressionisme:

- Verf buitenshuis (verduidelik en gee 'n voorbeeld van 'n kunswerk)
- Fokus op lig en die effekte daarvan (verduidelik of definieer)
- Vang 'n kortstondige oomblik vas (verduidelik of definieer)
- Kragtige, haastige kwashale (verduidelik en gee 'n voorbeeld van 'n kunswerk)

Bespreek die oorblywende kenmerke van impressionisme met verwysing na 'n kunswerk van EEN van die volgende kunstenaars:

- Renoir
- Degas
- Pisarro **[20]**

VRAAG 6

Gauguin gebruik groot, opmerklike en kragtige kwashale, anders as die impressioniste, wat in klein spatsels geverf het. Die kwashale loop in horisontale en vertikale rigtings. Brei op hierdie unieke kenmerke van die kunstenaar Paul Gauguin uit met verwysing na die volgende:

- Bondige agtergrond van die kunstenaar
- Simbolisme en simboliese belang van kleur
- EEN ander impressionisme-kunstenaar wat jy bestudeer het **[20]**

VRAAG 7

Volgens Matisse is fauve-kuns nie als nie, maar die grondslag van alles. Moderne aanskouers verstaan egter nie altyd Matisse se doelwitte nie en was woedend oor fauve-skilderkuns. Hoekom was hulle so geskok? Bespreek die kenmerke van fauvisme deur na TWEE van die kunstenaar se kunswerke te verwys.

[20]

VRAAG 8

Dit het in 1905 in Dresden begin, toe vier jong kunstenaars – Karl Schmidt-Rottluff, Ernst Kirchner, Fritz Bleyl en Erich Heckel – hul teenkanting teen die akademiese kuns en sosiale konvensies van die Wilhelmine-tydperk uitgedruk het, sonder om werklik 'n kunsprogram of spesifieke styl te definieer. "Ons wil ons vryheid van aksie en lewe in die aangesig van die gevestigde magte van die verlede oorwin," het hulle aangevoer.

- Met verwysing na die stelling hier bo, identifiseer en bespreek die stilistiese kenmerke van Die Brücke-kuns. Verwys na die werke van ten minste TWEE kunstenaars wat hier bo genoem is.
- Verwys kortliks na die idees en teorieë van The Blue Rider-groep. Identifiseer EEN kunstenaar en kunswerk uit hierdie tak van Duitse ekspressionisme. **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

In kubistiese werk tot 1910 was die onderwerp van die prent gewoonlik waarneembaar. Alhoewel figure en voorwerpe in talle klein fasette ontleed is, is dit dan weer op 'n manier byeen gebring om dieselfde figure of voorwerpe op te roep.

Brei verder hierop uit en bewys jou begrip van kubisme deur TWEE kunstenaars se kunswerk uit enige TWEE fases van kubisme te ontleed. **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 140

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit AFDELING B.

VRAAG 10

Die futuriste het alles bewonder wat die tegnologiese oorwinning van die mens oor die natuur verteenwoordig het. Verklaar hierdie stelling deur die kenmerke van futurisme te bespreek. Verwys na die kunswerke van ten minste TWEE futuristiese kunstenaars. **[20]**

VRAAG 11

Suprematisme, wat op utopiese ideale gegrond was, was artisties revolusionêr en het 'n nuwe vryheid van uitdrukking in totale abstraksie nagestreef. Brei op hierdie stelling uit en bespreek die kunswerke van EEN kunstenaar van suprematisme. **[20]**

VRAAG 12

Die lede van De Stilj het kuns as 'n middel tot sosiale en geestelike verlossing beskou en het 'n utopiese visie van kuns en die transformatiewe potensiaal daarvan gehad.

Met verwysing na bostaande stelling, verduidelik wat die De Stijl- utopiese visie van kuns was. Sluit die volgende by jou bespreking in:

- Oorsprong van die beweging en die stigterslede
- Bespreek die stylkenmerke van De Stijl deur die kunswerke van Piet Modrian te ontleed.
- Noem VIER ander kunsvorme (buiten skilder) wat ook deur die De Stijl-kunstenaars/groep beïnvloed is. **[20]**

VRAAG 13

Drie idees het die grondslag van die Dada-beweging gevorm, naamlik spontaniteit, ontkenning en absurditeit, en hierdie drie idees is in verskeie vorme van kreatiewe chaos uitgedruk.

Verduidelik die term *kreatiewe chaos* deur die kenmerke van Dada te bespreek. Ontleed die kunswerke van TWEE Dada-kunstenaars. **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 14

Ons tree dikwels irrasioneel op, nie waar nie? Ons stry dalk met ons kêrel of meisie oor iets onbenulligs, selfs al weet ons dit is nie die regte (of die rasionele) ding om te doen nie. Ons eet dalk baie gemorskos, selfs al weet ons *rasioneel* dat dit nie goed is vir ons nie. Die surrealiste het gevoel dat die irrasionele 'n groot deel van ons identiteit as mens is.

Bespreek die werk van TWEE surrealisme-kunstenaars wie se kunswerke die irrasionele die beste voorstel. Begin jou opstel met 'n inleiding tot die invloede op surrealisme. **[20]**

VRAAG 15

Abstrakte ekspressionisme, met die takke aksieverf en kleurveldskilderkuns, het ná die Tweede Wêreldoorlog 'n dramatiese toetrede tot die kunswêreld gemaak met die kenmerke van morsigheid en uiters energieke toepassings van verf.

Brei op hierdie stelling uit en ontleed ten minste EEN kunswerk van aksieverf en EEN kunswerk van kleurveldskilderkuns. Bespreek in jou ontleding die grootste verskille tussen hierdie twee takke van abstrakte ekspressionisme. **[20]**

VRAAG 16

Die eerste verskyning van die woord *fotorealisme* was eers in 1970, toe die Amerikaanse kunshandelaar Louis K. Meisel dit in die katalogus van New York se Whitney Museum se uitstalling *Twenty-two Realists* gebruik het.

Bespreek die stylkenmerke van fotorealisme deur die werk van EEN skilder en EEN beeldhouer van jou keuse te ontleed. Begin jou opstel deur 'n verduideliking van waarom die beweging fotorealisme genoem word. **[20]**

VRAAG 17

Popkuns het 'n nou verhouding met die verbruikerskultuur en transformeer gewone voorwerpe en elemente in kuns. Bespreek die werk van enige TWEE Amerikaanse popkuns-kunstenaars om jou begrip te toon van die manier waarop elke kunstenaar verbruikerskultuur gebruik het as motivering om kuns te skep. **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 18

Konseptuele kunstenaars besef dat alle kuns in wese konseptueel is. Ten einde dit te beklemtoon, verminder talle konseptuele kunstenaars die wesenlike teenwoordigheid van die werk tot die absolute minimum – 'n neiging wat deur sommiges as die "ontstoflikmaking" van kuns verwys word.

Brei op hierdie stelling uit en bespreek die werk van EEN uitvoerendekuns-kunstenaar en EEN ander konseptuele kunstenaar wat jy bestudeer het. **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou